1 Des 2019

FAMILIE TUISBLAD

Rom 13:11-14

ons storie

Vertel vir mekaar of julle ooit bang was vir die donker. Dalk is daar 'n goeie storie om te vertel!
Daar is ook families wat bestaan uit gesinne-van-die-donker! Praat oor wat julle dink gesinne “donker” maak. As hulle wat doen maak dit dat hulle nie in die lig lewe nie.

ons nuwe storie

Praat oor wat julle as gesin wil verander om as 'n gesin van die lig te lewe. Probeer aan eenvoudige gebruike of roetines dink.
Praat ook daaroor waar julle die begeertes het wat uit selfsug en eie belang gedryf word.

GOD se storie

Deur Romeine 13 praat Paulus baie direk en streng met die mense van Rome. Hy lê baie klem op 3 afdelings van duister dade. Die eerste is waar jy beheer verloor oor jouself deur iets wat jy inneem (drank of dwelms) die tweede gaan oor beheer verloor a.g.v. seksuele drange en die derde gaan oor beheer verloor a.g.v. van die interaksie met ander mense.
Dan kom die groot waarskuwing dat dit gaan oor ons eie begeertes wat sondig is. Ons word beheer deur ons eie begeertes en nie deur die Gees

Rituele en gewoontes

Vervang 'n lig hierdie week en maak 'n prominente vertrek ligter. Dalk wil jy net 'n nuwe gloeilamp insit of dalk is dit nou die geleentheid om daardie nuwe LED of kragbesparings lig te koop en te installeer.

Laat die nuwe lig julle herinner dat julle mense van die lig is.